DEEL 114 | WEEK 45 | 11 NOVEMBER 2022 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Dankbaar vir almal se omgee!

'n Fondsinsameling is onlangs deur gemeenskapslede van Heilbron gestig ten bate van Hennie Booysen. Die gebore Heilbronner se lewe het in 'n oogwink verander nadat sy linkerbeen Donderdag, 28 Oktober geamputeer is. Hennie is op 3 Januarie 1956 gebore en het hier, aan die Hoërskool Willem Pretorius, gematrikuleer. Hy was vir 44 jaar in diens van Clover (NCD) en het ongeveer 'n jaar gelede afgetree. Hy het in 1977 met sy skoolliefde getrou en saam het hulle vier kinders. Vir plaaslike inwoners en *bikers* landwyd, staan Hennie as die fotograaf met die goue hart bekend.

Hennie is as kind deur 'n voertuig raak gery wat albei sy bene beskadig het. Sy linkerbeen het onlangs weer begin seer word wat Hennie genoodsaak het om 'n dokter te raadpleeg. Na 'n deeglike ondersoek het die dokter opgemerk dat Hennie 'n aneurisme in die waai van sy been het, wat dringend verwyder sal moet word en 'n stent moet ingesit word. Ongelukkig was die operasie onsuksesvol en het die stent bloedtoevoer na sy been bly blokkeer, ook na 'n tweede stent was dit weereens onsuksesvol. Bloedklonte het na die fyner are beweeg wat die bloedtoevoer na sy been afgesny het. Daar is 'n Noodoperasie die 21ste Oktober gedoen, maar na geen verbetering is die gedwonge besluit geneem om sy been 'n week later te amputeer. Hennie is steeds in Cintocare Hospitaal in Pretoria. Daar is nog onsekerheid oor wanneer Hennie ontslaan sal word, maar voorlopig is dit eers in Desember. Volgens sy vrou, Gerda Booysen, het hul wel 'n mediesefonds wat die kostes sal dek. Die fondsinsameling wat deur Pitstop vir Jesus (NPO) namens die Booysen gesin gestig is, is om finansiële ondersteuning te bied sodat hulle huis en badkamer rolstoel vriendelik gemaak kan word. Alle trappe moet omskep word in opritte en is daar tans geen beweeg spasie in die badkamer vir 'n rolstoel nie. Daar is reeds planne om die badkamer te verander met 'n stort wat dieselfde hoogte as die vloer is. Die fondse sal ook aangewend word vir die rehabilitasieproses.

In 'n video wat deur Wayne Lendrum op Facebook gelaai is lag Hennie subtiel oor die feit dat hy nou meer rus as wat hy nog ooit het. Hy voeg by "Dank die Here ek is sover okay" en bedank hy elkeen vir hul gebede en bystand. Wayne is 'n jare lange vriend van Hennie wat self sy been verloor het. Hy is die *bike president* van Valhalla Vaal en het in samewerking met die Bounty Riders ook 'n *dayjol*-fondsinsameling te Meyerton gereël vir die 26ste November.

Indien daar enige iemand is wat 'n donasie wil maak is julle meer as welkom om Ryno Petzer by 073 268 7565 te kontak. 'n *BackaBuddy*-fondsinsameling is ook op die Heilbron Herald Facebookblad gedeel waar donasies gemaak kan word.

*Op die foto: Hennie Booysen positief langs die prostese van Wayne Lendrum.*


















# Uit die pen: Week 45 van 2022



Ek was lank gelede laas 'n skolier. Ja, daardie tyd was ons mos skoliere of leerlinge genoem. Ek weet nie lekker hoekom hulle name na "leerders" verander het nie. 'n Leerling leer en 'n leerder leer. And I pack my case.

Omdat ek effens ouer as die meeste leerders is, verstaan ek nie al hulle slêng nie. Ek is soms effens OTT (over the top) en ly meeste van die tyd glad nie aan FOMO (fear of missing out) nie. Dan weet ek waar en hoe om die afkorting, TMI (too much info) te gebruik. Ek ken ook sommige van die ander afkortings wat nie in gemengde geselskappe gebruik kan word nie.

Ek leer soos ek aangaan. Soms is hulle humor ook vir my, die koningin van alle humor, heeltemal onverstaanbaar.

Hulle wou weet of ek op Instagram of Twitter is? Nee, want ek het 'n regte werk.

Wanneer ek terugkom van vakansie af, wil hulle weet of ek die fotos op 'n sosiale mediaplatform gepos het. Nee, ek het nie. "Maar watter bewys het ek dan dat dit wel gebeur het?" Wel, ek was daar en die mense wat saakmaak, weet dit. Ek hoef dit nie vir die hele wêreld te wys nie.

Gepraat van. Hierdie week het ek van twee, relatief bekende, paartjies gehoor wat huweliksprobleme het. Een van die egas het egbreuk gepleeg en die ander eggenoot het die hele storie op sosiale media uitbasuin.

Nou hoekom, vra ek jou? As jou hele lewe oopgevlek word (deur jouself), op sosiale media, word daar agterna vertel van die vieslike kommentare en dat dit persoon geviktimiseer en geboelie is en-en-en. Kom ons draai gou drie stappe terug: Hoekom maak jy jouself oop vir kritiek op sosiale media as jy dit nie kan vat nie?

Net 'n kantlynaantekening van my af.

Iedergeval. Terug by my oorspronklike storie. Ek wou aanvanklik drama of teologie studeer. Toe ek my ma vertel dat ek drama wil doen, sê sy: "Kry iets oordentliks." Ek het dus nie eers die teologiekaart probeer speel nie. Einde van die storie.

Goed, dink ek, kom ek probeer B.Sc. dit klink redelik interessant en ek hou van wetenskappe, biologie en wiskunde. Ek weet nie wat ek daarmee gaan maak nie, maar kom ons probeer. En so land ek toe in die onderwys. En raai wat? Ek kon elke dag 'n dramaqueen wees én preek. Na gelang van die situasie.

Baie keer het die kinders nie eers agtergekom dat ek nou preek nie, want dit het sommer so in die middel van 'n sin begin. Soms het ek myself sommer in trane gepreek. En hier en daar het iemand saamgehuil.

By die skool hier in Pretoria doen ek dieselfde. Maar hier is anderster kinders. Stadskinders. Nie dié waaraan ek gewoond was nie. Jy moet op jou tone bly. Of op jou knieë, na gelang van die vraag.

Een dag vertel ek hulle hoe hulle moet voorberei vir die eksamen. Amper in die lyn van: As jy nie leer nie, kom jy nie deur nie. Dat reg reg is en dat verkeerd verkeerd is. End van die prent. Not negotiable.

"Julle moet mooi luister na vandag se boodskap." Baie hoogdrawend.

"Jou stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die rooi ink in die pen." Baie dramaties. Sien: drama en teologie.

Ek gooi my rooi pen soos 'n regte diva op die grond. Hulle skree: "Drop the mic!" Wat ek toe later agterkom 'n uitdrukking is wat gebruik word wanneer die spreker tot 'n wonderlike gevolgtrekking gekom het en dramaties (daar is die woord weer), aankondig dat dit só einde van die op- of uitvoering was. Of so iets.

Ons doen die menslike sirkulasiestelsel: hart, slagare, are, kapillêre bloedvate en dies meer. Ek wys vir hulle video's van 'n hartoorplanting en vertel vir hulle van Dr. Chris Barnard se eerste hartoorplantingspasiënt, Louis Washkansky. (Ek sien die goeie dokter sou hierdie jaar 100 jaar oud geword het.)

Ek het 'n stetoskoop en laat hulle eers na hulle eie hartklop luister. Indien hulle gemaklik voel daarmee, kan hulle na mekaar se harte luister. Ek stuur ons huis se bloeddrukmasjientjie om en gee elkeen kans om hul eie bloeddruk te meet.

Ons gesels oor die gevare van hoë cholesterol en hartvatsiektes. Hoe hartaanvalle presenteer en die belangrikheid van oefening en 'n gesonde dieet. Hulle trek hul wit laboratoriumjassies aan, sny 'n paar harte oop en bekyk die spiere, kleppe, membrane en dies meer. Lynkie doen 'n wonderlike werk.

Aan die einde van die hele tema, is almal terug by hulle banke en ons hou 'n vinnige vasvrae en klastoets om hulle kennis te toets.

Een stillerige kind steek haar hand op.

"Juffrou, wat is 'n moermoer?"

My wenkbroue frons soos 'n Frida Kahlo selfportret.

"'n Wat?"

"'n Moermoer."

Goed, ek het al baie terme in my lewe geleer, in beide Afrikaans en Engels. Ek ken ook 'n paar woorde wat slegs in blokkiesraaisels voorkom, maar hierdie een is heeltemal vreemd.

"Waar het jy al hierdie term teëgekom?" vra ek.

"By die dokter, juffrou."

Ek kan my nie indink dat enige dokter van "moermoere" of "moermoers" sal praat nie.

"Vertel my van die begin af. Dalk kan ek aflei waarvan jy praat?"

Sy begin met die uitgerekte storie van haar sussie wat moeg was en effense blouerige gelaatskleur gehad het. Die algemene praktisyn het haar toe verwys na 'n kardioloog wat 'n moermoer by haar gediagnoseer het.

Ewe skielik weet ek: hierdie is, wat die Engelse sou noem, 'n "heart murmur", wat 'n hartgeruis is, moontlik veroorsaak deur 'n klep wat nie heeltemal toemaak nie.

"Ja, juffrou, dis dit! Sy moes later 'n klepvervanging kry om die moermoer te staak."

Ja, my kind, dink ek, soms voel baie goed vir my eerder soos 'n moermoer as 'n murmur.

Tot volgende keer.

# HEILBRON-TAK MAAN NGWATHE-MUNISIPALITEIT OOR BESOEDELDE ELANDSPRUIT





• *AfriForum*

AfriForum se Heilbron-tak het op 2 November 'n dringende brief aan die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit gerig oor die besoedeling van die Elandspruit. Dít volg nadat die boere wie se plase aan die spruit grens, die Heilbron-tak genader het om hulle te help. Die besoedeling van riool en vullis is só erg dat die diere nie die spruitwater wil drink nie en vir sommige boere is dit die enigste water wat daar is. Diere is al van die water dood, terwyl ander, wat noodgedwonge deur die spruit moet loop, se pote gevrot het.

Die tak het die brief nie net aan dié munisipaliteit gerig nie, maar ook aan die Departement van Water en Sanitasie, landbou-organisasies, die Departement van Omgewingsake en die Fuzile Dabi-distriksmunisipaliteit. Die tak eis dat daar onverwyld aandag aan die situasie gegee word, aangesien die spruit se water in die Renosterrivier inloop, wat in die Koppiesdam inloop, waar Koppies se inwoners hulle water vandaan kry.

Die tak eis dat daar onmiddellik iets aan die rioolwerke wat in 'n baie swak toestand is, gedoen moet word, ten spyte daarvan dat dit nie veel langer as 'n jaar gelede opgegradeer is nie. 'n Verdere probleem is dat daar groot hoeveelhede rou riool is wat nooit by die rioolwerke uitkom nie en dus direk in die Elandspruit inloop. Die onwettige vullisterrein wat in 'n haglike toestand is, dra verder tot die besoedeling by. Die tak vra verder die lisensies van die rioolwerke en die vullisterrein aan.

"Behalwe vir die feit dat Heilbron se gemeenskap en ons land nie kan bekostig om een boer te verloor nie, het hierdie besoedeling verreikende gevolge vir die waterbronne ook. Ek hoop van harte dat almal wat die brief ontvang sal hand opsteek en help en druk toepas dat hierdie probleem vinnig opgelos kan word," sê Gerrie Muller, die voorsitter van die Heilbron-tak.

Volgens Alta Pretorius, distrikskoördineerder vir die Mooirivier, is hierdie situasie ontoelaatbaar. Nie net verloor die boere van hulle vee nie, maar die waarde van hulle grond sal ook val omdat die water, wat eens 'n groot bate was, nie gebruik kan word nie. "Ons glo dat almal aan wie ons die brief gerig het, tot hierdie stryd sal toetree en dat die regte stappe geneem sal word om hierdie gruwelike besoedeling te stop," sluit Pretorius af.

Die gemeenskap word aangemoedig om by dié tak betrokke te raak om sodoende 'n daadwerklike verskil te maak: SMS "Heilbron" na 45344 (R1).

Alta Pretorius
Distrikskoördineerder: Mooirivier
AfriForum
Sel: 081 392 2071
E-pos: alta.pretorius@afriforum.co.za

Gerrie Muller
Voorsitter: Heilbron-tak
AfriForum
Sel: 083 620 7018
E-pos: gmuller@esnacks.co.za

Zel-Marí Gelderblom
Mediaskakelbeampte
AfriForum
Sel: 066 103 6499
E-pos:
zel-mari.gelderblom@afriforum.co.za

# DORP VIER EERSDAAGS 150 JAAR VAN BESTAAN

Dit is nie enige plattelandse dorp wat kan spog dat hy 150 jaar oud word en ná 'n eeu-en-'n-half steeds staande is nie. Heilbron kan!

Die feesbeplanning vir die dorp se 150ste bestaanjaar is in volle swang en mnr. Pieter Groenewald, voorsitter van die feeskomitee, nooi alle belangstellendes vanuit die gemeenskap om die beplanningsvergadering by te woon. Die vergadering vind op 17 November vanuit die Moedergemeente se kerksaal plaas en sal om 18:00 begin. Die gemeenskap word aangemoedig om by die projek betrokke te raak en enige instte is baie welkom. Vir verdere navrae kan Groenewald gebel word by: 064 105 1672




**1873 - 2023**

# BOEK NET BETYDS VIR KERSFEES

Vir meer as 'n dekade lank skryf Albie Schoeman, eintlik onwetend, al aan sy boek, Op reis na (n)êrens - en briewe aan dominee Braam.

"Dit is 'n boek wat eintlik nooit 'n boek moes wees nie, maar hiér is hy nou," skerts hy terwyl hy na die proef in sy hand staar.


*Op die foto vl: Silma Petzer (Grafiese ontwerper by Heilbron Herald) en Albie Schoeman (Skrywer).*

Albie is 'n boorling van Zastron en het die grootste deel van sy lewe aan die korporatiewe wêreld gewei. Die laaste paar jaar is hy egter 'n afgetrede oupa van Heilbron wat daarvan hou om na stories te luister en ook om stories te vertel.

"My gunsteling luisteraars is my kleinkinders. Daar is min dinge wat 'n oupa se bors so trots laat swel soos wanneer woelige pienkvoetjies op jou skoot opkrul en dan grootoog vra: 'En toe, Oupa?' Maar ek deel graag staaltjies en verhale met enigeen wat bereid is om te luister," lag hy.

Hy het sy eerste gedig meer as 10 jaar gelede geskryf toe een van sy beste vriende se seun skielik oorlede is. "Hý en my jongste was ook beste vriende en het soos 'n eie kind in my huis groot geword. Sy dood het ons almal diep geraak," vertel Albie. Dié gedig, Kind van die wind, is ook in sy boek opgeneem. Daarna het die res makliker gevolg.

Die versameling kortverhale en gedigte is onder meer deur reiservarings, menseverhoudinge, vriendskappe en daaglikse gebeure geïnspireer.

"Die stories het na my toe gekom, ek het hulle nie gaan haal nie," verduidelik hy.

Die staaltjies waarvoor hy die meeste gewildheid verwerf het, is briewe wat tydens die Covid 19-grendeltyd gebore is. Sy briewe kry gestalte in die doen en late van oom Danie se grendelervaringe wat hy as "klaagliedere" aan sy geliefde dominee rig.

"Dit is aktuele gebeure en denke waarmee mense tydens die grendeltyd te doen gehad het. Oom Danie spreek dit op 'n grappende wyse, sonder om doekies om te draai, aan."

Die verhaaltjies is pittig, propvol humor en skroom nie om die leser na 'n traan te laat pink nie - trane van lag, maar dalk ook 'n traan omdat jy jouself in een van sy karakters raaklees.

Op reis na (n)êrens, neem die leser op avonture dwarsoor die wêreld, maar ook na die hart van die skrywer en dalk ook na jou eie leefwêreld.

Op reis na (n)êrens - en briewe aan dominee Braam is by die Herald Office National beskikbaar. Vir navrae kan Annari Combrink gebel word by 0822248741, óf stuur 'n e-pos na annari.combrink@gmail.com

**Uittreksel uit 'n brief aan dominee Braam:**

... Liewe dominee Braam, jy is seker al moeg vir oom Danie. Maar voor ek begin kla, wil ek net sê ons het al beter dae geken.

Die tannie het Moedersdag maar swaar gevat. Oom het toe maar klein Danie se wyn oopgemaak. Die met die spanfoto op toe hulle die ligabeker gewen het. Ai Dooms, my Kleindaan kon darem ń gaping vat. Ek sê vir die tannie sy kan kies watter een ons moet oopmaak, die wittetjie of die rooietjie. Die tannie was so verdrietig. Ek kon sien die besluit was te groot vir haar. Ek sê vir haar as dit moeilik is, maak ons albei oop. Die tannie was so dankbaar, sy sê haar beker loop oor...

Ai Dominee, ek kan nie onthou wanneer laas die tannie so lekker gegiggel het nie. Hoe meer ek haar sê, mens sê nie lockdown met ń "f" nie, hoe meer hou sy aan. ...

# PHOENIXFIRE - COURSES

"We need to be the first business you think of when you hear the words 'health and safety'."

This is according to the staff members of PhoenixFire.

PhoenixFire is a company who aims to be the leader when it comes to providing occupational health and safety (OHS) equipment. Not only does the company service, install and maintain fire equipment, but they also provide first aid training and OHS training to all types of businesses.

"Many companies do not know where to start when it comes to labour relations and OHS regulations. We can assist them to understand the subject and its content and before they even know it - health and safety becomes a fairly simple and a effective system to process and implement," PhoenixFire explained.

Furthermore the company assists by doing audits on businesses' health and safety measurements. This will help to see and advice where improvements need to be done.

PhoenixFire provides a wide variety of courses to up skill the workforce and help to empower companies to successfully reinforce health and safety at work.

If an accident at work occurs, there could be serious consequences if no safety regulations were in place.

The OHS Act of 1993 assists in creating a healthy, safe and prepared working environment.

Therefore it is beneficial to the employer and the employees to attend PhoenixFire's Health and Welfare Sector Education and Training Authority (HWSETA) training courses in OHS.

PhoenixFire offers the following training programs:

- first responder - level 1 - basic, level 2 - intermediate and level 3 - advanced
- basic fire fighting
- fire marshall
- evac warden
- incident and accident investigator
- hazard identification and risk assessment
- safety rep training

Visit the PhoenixFire Quest Facebook page to see the latest courses, visit them at the office in Bethlehem, or call Os Bekker and his team on 058 303 9474, óf 064 535 6643.




# LEWENSGEVAAR OP MISLUKTE BRUG IN REËN

"Kinders waag hul lewens elke keer as hulle na reën oor die gevaarlike voetgangersbrug hierbo skool toe moet stap," sê DA-raadslid Robert Ferendale. Hy verwys na die laagwaterbrug tussen Sandersville en Seksie 5 in Heilbron, wat ten spyte van miljoene rand se werk steeds nie voltooi is nie (Herald, 27 Oktober). Daar was 'n herrie vroeg hierdie week op Facebook hieroor. Ouers het Ngwathe-munisipaliteit blameer vir die volgehoue gevaar. Hy meen dis omdat die projek misluk het nadat Ngwathe reeds miljoene rande daaraan bestee het.



Die raad se staande komitee oor infrastruktuur het reeds twee keer die mislukte projek bespreek, maar sonder finale antwoorde. "Ons sou weke gelede weer die terrein kom inspekteer het," sê Rdl Saal de Jager, 'n sakeman van Parys en lid van die komitee. "Maar niks gebeur nie." Hy het Dinsdag skerp daaroor protesteer.

"Dis skandalig," sê Rdl Ferendale gisteroggend aan Herald. "Munisipale geld is op groot skaal wanbestee, en nou gebeur niks nie." Hy kla inwoners moet voortsukkel sonder nuwe geriewe waarvoor geld "eenvoudig uitgemors is."

Dalk kom antwoorde vanaf MPAC. Dis Ngwathe se staande raadskomitee oor openbare rekeninge wat onder meer munisipale onreëlmatighede, of selfs net die vermoede daarvan, ondersoek. Die komitee het wye magte van ondersoek, en kan selfs trae getuies dagvaar om vrae te kom beantwoord.

DA-raadslid Arnold Schoonwinkel, 'n lid van MPAC, het gevra die komitee moet alles rondom die sluiting en uitvoering van die brugkontrak ondersoek. "Maar dit kan gebeur eers na die finale inspeksie deur die Infrastruktuurkomitee," aldus Ferendale.

## BEDANKING

*Met groot skok en hartseer is daar Saterdag, 29 Oktober, verneem van die tragiese heengaan van Odine Swanepoel, dogter van Lena-Marie (Kemp) en Jacques Swanepoel van Pietersburg. Odine en haar broer Zander is die egpaar se enigste kinders.*
*Odine het in 'n kop-aan-kop botsing gesterf op 19 jarige ouderdom. Sy was 'n eerstejaarstudent aan die PUK.*
*Odine het die lewe met altwee hande aangegryp en was altyd sprankelend en borrelend.*
*Haar heengaan word diep betreur deur haar grootouers, Mike en Judy Kemp van die Plaas Craig-Dune, Heilbron, asook haar oom, Pierre Kemp. Soos daar tereg in haar troosdiens melding van gemaak is dat die lewe nie hoop gee nie, maar, hoop gee lewe.*
*Namens die familie opregte dank en waardering vir soveel oproepe, WhatsApp's, besoeke, ondersteuning en bemoediging van Heilbron en Petrus Steyngemeenskap.*
*Hierdie voorval kon mens, bitter of beter gemaak het.*
*Danksy ons Hemelse Vader wat ons styf vasgehou het in hierdie rouproses sal ons net beter anderkant uitkom.*



# HOU KOERS



Die Voortrekkers van Heilbron het Maandagaand hul jaarlikse prysuitdeling en afsluiting gehou. Vroeër vanjaar het die gr. 7- en matriekvoorries ook hul onderskeie eksamens afgelê en almal het geslaag. Die gr. 7-leerlinge het die PD-eksamen afgelê, wat op kultuurvlak gelykstaande aan provinsiale klere is. Bart Steijn, matrikulant, het ook sy PV-eksamen geslaag. Sy prestasie word gesien as gelykstande aan nasionale of Springbokklere in Kultuur. Tydens die afsluiting het die Voorries twee stinkhoutbome op die Voortrekkerterrein geplant. Die Voortrekkers hervat weer hul bedrywighede in Januarie.

# BESIGHEIDSLIGA EINDIG MET 'N BANG

Verlede Donderdagaand het die rolbalklub se besigheidsliga geëindig soos wat dit begin het: Met 'n BANG!

Die finaal was 'n geveg tussen Ematla, die span van Gerrie Muller en die Gholfklub. Aan die einde van die wedstryd het laasgenoemde, onder leiding van Johnnie Fourie, vir die derde agtereenvolgende jaar met die louere weggestap en dit laat mens wonder: Het hulle dalk ook 'n goeie waterman soos die Springbokke?

Die span van Pakworks is gekroon as die span met die meeste gees.

Terwyl die spanne mekaar die stryd aangesê het, het Stanley Henn die monde laat water met twee skape en 'n vark op die spit.

Die rolbalbestuur het hul opregte dank uitgespreek aan Johnny Claassen, Tsaats Hattingh en Jacques van Rooyen vir die borg van die vleis. 'n Woord van waardering is ook aan al die ander instansies en sakelui van die dorp gerig wat op een of ander manier bydraes gelewer het met die aanbied van die geleentheid.

Die besigheidsliga is weereens met groot welslae voltooi en dit is alles te danke aan Hannalie Claassen wat drie jaar gelede met dié voorstel na vore gekom het.

Die rolballede het almal ingekoop om van hierdie droom 'n werklikheid te maak en almal het ingespring en bontgestaan met hulp. Hierdie inisiatief is nie net tot voordeel van die klub nie, maar ook tot die bevordering van rolbal as sportsoort.

Na die opwinding van die besigheidsliga het die klubspanne onder leiding van Rudi Jacobs, Brandt van Rensburg en Tracy Jacobs die pad Kroonstad toe aangedurf om aan Noord-Vrystaat se uitspeelwedstryde deel te neem. Ongelukkig het dit daar nie so goed gegaan nie en aan die einde van die kompetisie het die spanne van Linda van Caspel (Kroonstad) en Hans van Tonder (Bethlehem), as wenners uit die stryd getree.

Saterdag is Heilbron se baan weer bedrywig met 14 spanne wat aan die eerste borgdag van die rolbalseisoen kom deel neem.



*Kobus Möller, Sonja Muller, Jacques van Rooyen Snr en Jacques van Rooyen Jnr.*



*Chris en Francina Volschenk, Roberto Meneses, Chaidy-Lee Herselman en Sophia Herman.*



***WENSPAN:** Johnny Fourie, Eben Stander, JC Pretorius, Willie Pretorius, Jackie Leonard en Ruan Mienie.*



*John en Amarinda Watson en Annalize en Wiam Rautenbach.*



*RJ Muller, Johan Els, JD Claassen en Gerrie Muller.*



*Andries Muller, Eben Claassen, Tsaats Hattingh, Koki Claassen en Willie Matthee.*



*André J van Rensburg en Edward Muller.*



*Nicolene Weyers, Liza Boshoff, Meloney Pretorius en Annari Combrink. Agter: John Watson.*



*Hendrik en Henicho Reynolds en Philip Snr en Jnr De Wet.*


# AWARDED WITH CERTIFICATES




*This three learners from Phitshana Public School were awarded certificates of participation in mathematics olympics by Fezile Dabi District with their teacher Me E.M Morake.*

# LEIERS VIR 2023

Die leerders van J.A Malherbe primêre skool op Petrus Steyn is vreeslik in hul noppies ná die aankondiging van die leerlingraad vir 2023. Die volgende leerders is tot die raad verkies: Melissa van Huyssteen, Riaan van der Merwe, Willem Pretorius, Jaco Botha, Naude van Jaarsveldt, Hannetjie Meiring, Franco Sieberhagen, Nicogene Mothebele en Shawn Bhuyian. *Foto's: André Pretorius*




*Willem Pretorius*



*Hannetjie Meiring*




*Shawn Bhuyian*




*Jaco Botha*



*Melissa van Huyssteen*




*Naude van Jaarsveldt*



*Riaan van der Merwe*



*Franco Sieberhagen*



*Nicogene Mothebele*

HERALD Sport

# RSA LEWER SPOGGERIGE GHOLFDAG



***SKOUSPELAGTIGE VERTONING:*** *Wenners van die RSA-gholfdag is van links: Eben Stander, RJ Muller, Vian Leeb, Wiam Rautenbach, Jackie Leonard, GP Rossouw en Ruan Mienie.*

Saterdag het RSA Grain Storage Solutions se gholfdag soos 'n goed geoliede masjien geloop.

Geen moeite is ontsien om te verseker dat die dag met groot welslae geskied nie. Selfs die weer het saamgespeel om almal net betyds te laat klaar speel voordat die reën uitgesak het.

Die gesoute kombinasie van Jackie Leonard en Wiam Rautenbach was die wenners van die dag met 48 punte.

Die HBA-maandbeker is môre op die spel en spelers kan reeds teen 11:00 inskryf. Die jaarlikse Prestige-gholfdag word vir 26 November beplan.

# NUWE BESTUURDER BY GHOLFKLUB



Die gholfklub op Heilbron het onlangs 'n nuwe bestuurder aangestel. Carol Germishuizen het vandeesweek haar nuwe pos by die gholfklub ingeneem.


Indien u in ons spesiale Kersuitgawe van 15 Desember wil adverteer kontak Hendie Lötter by Tel: 058 852 3033 heraldnuus@heilbron.co.za


















BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 14 NOVEMBER 2022**

DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**DINSDAG - 15 NOVEMBER 2022**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

MONT PELAAN Maandelikse veiling
Kontak John Campher 072 202 0160

VEREENIGING EIENDOMME:
Eiendom in besigheidsarea!
11:00, Umtatastraat, Drie Riviere
Kontak Andries Radley 079 493 1144

**WOENSDAG - 16 NOVEMBER 2022**

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

NORMANDIEN Twee-maandelikse veiling
Kontak Wynand Lens 082 329 0227

STANDERTON Vetvee veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

REITZ: UITVERKOPING VAN BRAHMAN KUDDE
FRIKKIE J VAN RENSBURG
11:00, Brighton
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

**DONDERDAG - 17 NOVEMBER 2022**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

FICKSBURG KERSIE veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

DE JAGERSDRIFT Maandelikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

**VRYDAG - 18 NOVEMBER 2022**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

VIRGINIA: N VAN RENSBURG
UITVERKOPING VAN EIENDOMME
EN DORMER SKAPE
11:00, Glen Ross
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za